higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 2

(3021012)

10 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

512Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Besighede bestaan om menslike behoeftes te bevredig en om wins daaruit te maak.

1.1.2 Prosedures verwys na die manier waarop dinge in ’n besigheid gedoen word.

1.1.3 Maatskappye doen instandhouding om die toerusting en masjinerie in ’n goeie werkende toestand te hou.

1.1.4 Ontevrede kliënte versprei goeie nuus oor ’n maatskappy.

1.1.5 Maatskappye leer niks uit kliënte wat kla nie.

1.1.6 Interne kommunikasie vind plaas wanneer ’n besigheid met sy mededingers kommunikeer.

1.1.7 ’n Beleid verskaf ’n manier om iets te doen waarop amptelik ooreengekom is.

1.1.8 Eers wanneer ’n prototipe ontwerp is, kan die produksiestadium begin.

1.1.9 Die bedryfsbestuurder se rol in die lewering van kliëntediens is om seker te maak dat materiaal van verskaffers verkry word.

1.1.10 Die interne omgewing van ’n besigheid sluit items soos wisselkoers in.

1.1.11 Bates is die geld wat nodig is om ’n besigheid te begin.

1.1.12 Oogmerke en doelwitte beskryf die doel van die weeklikse aksieplan.

1.1.13 Om beskermende klerasie te dra is ’n voorbeeld van ’n veiligheidsmaatreël.

1.1.14 Slegs groter vergoeding motiveer werknemers om produktief by die werk te wees.

1.1.15 ’n Leierskapgaping vind plaas wanneer sekere werknemers ondergekwalifiseer en ongekwalifiseer is.

(15 × 1) (15)

1.2 Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Vergoeding wat bereken word volgens werk wat gedoen is	A	prestasienorm
1.2.2	Dit is een van die tegnieke om risiko te verlaag	B	voorkoming
1.2.3	’n Geskrewe lys van doelwitte en hoe die doelwitte behaal gaan word	C	opnamevorms
1.2.4	Wanneer ’n besigheid ’n bevredigende diens met minimale tyd en insette lewer	D	infrastruktuur
1.2.5	’n Daargestelde vlak waarteen kwaliteit gemeet kan word	E	kommissie
1.2.6	Dit sluit in dat ’n bedryfsbestuurder moet seker maak dat rekenaars en telefone werk	F	voorraad
1.2.7	’n Rekord van items wat in ’n maatskappy beskikbaar is	G	vaardighede verbeter
1.2.8	Om toerusting te koop wat deur ’n maatskappy verlang word	H	menslike hulpbronne
1.2.9	Hulle word aangestel om seker te maak dat maatskappye ten volle nakomend is om eise vir beserings wat in die werkplek opgedoen word te vermy	I	vervoer
1.2.10	Die wins wat ’n besigheid maak wanneer in infrastruktuur en masjinerie belê word	J	sakeplan
1.2.11	Aan kliënte gegee om die dienste wat van ’n besigheid ontvang word, te beoordeel	K	verkryging
1.2.12	’n Ingryping om werknemers se prestasie te verbeter	L	veiligheids-beamptes
1.2.13	Bepaal die minimum kwaliteitsvereistes vir produkte	M	opbrengs op bates
1.2.14	Hierdie funksie verlang dat die bedryfsbestuurder seker maak dat goedere en dienste op tyd afgelewer word	N	SABS
1.2.15	Verantwoordelik vir werwing en seleksie van werknemers	O	doeltreffendheid

(15 × 1) (15)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

Sluit nog ’n skuiling?

Toe die Grace-huis Skuiling ’n paar maande gelede op die punt was om te sluit, was almal paniekerig. Die Christian Lifesavers Foundation het toe probeer om die sinkende skip te red.

Hulle het die skuiling oorgeneem en begin droom om Krugersdorp se mees kwesbare inwoners te red. Hulle het ’n borg gekry wat belowe het om hulle water, elektrisiteit en huurgeld vir ses maande te betaal en toe het hulle hul planne in werking gestel.

'Die meeste inwoners by die skuiling is bejaarde mense', het JJ van Niekerk gesê. JJ en Elize het die reusetaak gehad om die skuiling oop te hou. 'Ek wil ander laat besef hoe vinnig hulle in ’n situasie kan beland waar hulle niks het en nêrens het om heen te gaan nie,' het Elize gesê. In die twee maande wat hulle in beheer is van die skuiling, het vier mense werk gekry, drie mense is vir rehabilitasie gestuur en agt ander mense word voorberei vir rehabilitasie. Tien mense het hulle lewens verander en daar is ook met vaardigheidsprogramme vir die inwoners begin. Deur bouwerk en los werkies vir mense in die dorp te doen, het sommige van die inwoners werk gekry.

Elize beplan om binne die volgende maand ’n haarsalon en koffiewinkel te open en as alles goed verloop, sal die skuiling binne ’n paar maande selfversorgend wees. JJ en Elize het gesê dat die besighede in die gemeenskap sekere van hulle korporatiewe sosiale fondse aan die skuiling skenk.

[Bron: *www.krugersdorpnews.co.za*]

VRAAG 2

2.1 Formuleer TWEE doelwitte vir die Grace-huis skuiling. (2 × 2) (4)

2.2 Jy word gevra om ’n vloerplan vir die skuiling te ontwerp.

Wat is die doel van ’n vloerplan? (2 × 1) (2)

2.3 JJ moet risiko’s by die skuiling bestuur.

Verduidelik die strategieë wat hy kan gebruik om gesondheid en veiligheid te bestuur soos deur die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid uiteengesit word. (3 × 2) (6)

2.4 Die skuiling het ’n finansiële beleid waaraan voldoen moet word.

Verduidelik wat by hierdie beleid ingesluit moet wees. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.5 Verduidelik die voordele wanneer JJ as die bedryfsbestuurder sy verskillende rolle doeltreffend uitvoer. (4 × 1) (4)

2.6 Gesondheid en veiligheid is belangrik by die skuiling.

Wat moet by die gesondheids- en veiligheidsprogram ingesluit word? (3 × 1) (3)
[25]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik hoe JJ die volgende funksies as ’n bedryfsbestuurder kan uitvoer:

3.1.1 Beplanning

3.1.2 Organisering

3.1.3 Leiding

(3 × 2) (6)

3.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die volgende persone in organisasies aan te stel:

3.2.1 Interne veiligheidsbeampte (2 × 2) (4)

3.2.2 Eksterne veiligheidsbeampte (2 × 2) (4)

3.3 Gee voorbeelde van die infrastruktuur wat vir die skuiling verlang word om doeltreffend te funksioneer. (4 × 1) (4)

3.4 Die skuiling is op soek na ’n skoonmaker.

Noem die prosedures wat gevolg moet word om ’n skoonmaker aan te stel.
(4 × 1) (4)

3.5 Die Krugerdorp-gemeenskap is ’n belangrike belanghebber vir die Grace-huis Skuiling.

Noem voorbeelde van die gemeenskap as belanghebbers. (3 × 1) (3)
[25]

VRAAG 4

4.1 Die meeste van die werknemers dreig om die skuiling te verlaat en by ander organisasies werk te soek.

Watter strategieë moet geïmplementeer word om hierdie werknemers te behou? (4 × 2) (8)

4.2 Elize beplan om totale gehaltebestuur (TGB) by die skuiling in te stel.

4.2.1 Verduidelik DRIE tegnieke vir deurlopende verbetering. (3 × 2) (6)

4.2.2 Verduidelik hoe Elize die volgende TGB-hulpmiddels kan gebruik:

(a) Dinkskrum

(b) Fokusgroepe

(c) Kontrolelyste

(3 × 2) (6)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou